basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## 2018

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke skryfstuk soos dit op die vraestel genommer is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Die oggend toe ek laat was vir 'n belangrike afspraak **[50]**

1.2 Ek sluit my huis se deur oop ... **[50]**

1.3 As ek hierdie eksamen slaag ... **[50]**

1.4 Suid-Afrika is 'n goeie plek vir toeriste. **[50]**

1.5 Mense wat op mure skryf of teken, is vandale. **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.


**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1




[Bron: www.saada.com] **[50]**

1.6.2



[Bron: googleimages] **[50]**

1.6.3



[Bron: play.google.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE BRIEF**

Jy is die leier van 'n gemeenskapsprojek. Julle maak klere vir arm mense bymekaar. Die leerders van die plaaslike hoërskool het klere geskenk.

Skryf 'n BEDANKINGSBRIEF aan die hoof van hierdie skool waarin jy die leerders vir die klere bedank. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Die eienaar van die huiswinkeltjie in julle straat is oorlede. Almal was baie lief vir hom/haar. Omdat jy hom/haar so goed geken het, moet jy 'n huldeblyk by sy/haar begrafnis lewer.

Skryf die HULDEBLYK wat jy by die eienaar se begrafnis gaan lewer. **[30]**

2.3 **INFORMELE VERSLAG**

Jy het die gemeenskapsaal vir 'n troue gehuur. Tydens die onthaal het 'n paar van die gaste skade aangerig. Die bestuurder van die gemeenskapsaal het vir jou gevra om 'n verslag daaroor te skryf.

Skryf 'n INFORMELE VERSLAG oor die skade wat tydens die onthaal aangerig is. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Jy wil geld by jou vriend leen.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou vriend neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **STROOIBILJET**

Jy gaan 'n groentewinkel begin. Jy wil 'n strooibiljet in die dorp versprei om die opening van jou groentewinkel te adverteer.

Ontwerp 'n STROOIBILJET waarin jy die openingsdag van die groentewinkel adverteer en aandui watter groente teen watter prys verkoop sal word. **[20]**

3.2 **POSKAART**

Jy begin op 'n ander plek werk of studeer. Dit is 'n interessante plek met baie winkels, mooi parke, mooi geboue en vriendelike mense.

Skryf 'n POSKAART aan jou vriend of vriendin op jou tuisdorp. Vertel vir hom/haar van hierdie interessante plek waar jy nou woon.

Teken die poskaartvorm in jou ANTWOORDEBOEK oor en gebruik dit vir jou poskaart.





**[20]**

3.3 **RIGTINGAANWYSINGS**

Jy en jou vriend is by jou huis. Verduidelik vir jou vriend hoe om van jou huis af tot by die winkelsentrum te ry.

Skryf die RIGTINGAANWYSINGS stap-vir-stap en onder mekaar neer. Jy moet straatname en bakens noem.




[Eie teks] **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**